
# OPSOMMING VAN **AANBEVELINGS** VIR SUID-AFRIKA deur die Verenigde Nasies se Komitee oor Ekonomiese, Maatskaplike en Kulturele Regte



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

DULLAH OMAR INSTITUTE
FOR CONSTITUTIONAL LAW, GOVERNANCE AND HUMAN RIGHTS

SPII
STUDIES IN POVERTY AND INEQUALITY INSTITUTE
Building up knowledge to break down Poverty

BLACK SASH
MAKING HUMAN RIGHTS REAL

People's Health Movement South Africa

SERI
socio-economic rights institute of south africa

# OPSOMMING VAN **AANBEVELINGS** VIR SUID-AFRIKA deur die Verenigde Nasies se Komitee oor Ekonomiese, Maatskaplike en Kulturele Regte



# Erkennings

**Die aktiwiteite wat gelei het tot hierdie publikasie is deur die Dullah Omar-instituut (DOI), die Universiteit van Wes-Kaapland, Black Sash, die Instituut vir Sosio-ekonomiese Regte van Suid-Afrika (SERI), Instituut vir die Studie van Armoede en Ongelykheid (SPII) en die Beweging vir Menslike Gesondheid (PHM).**

Spesiale dank aan dr. Khulekani Moyo van die Universiteit van Witwatersrand wat die dokument opgestel het.

Dankie ook aan proff. Lilian Chenwi en Jackie Dugard van die Universiteit van Witwatersrand vir hul konstruktiewe betrokkenheid en voorstelle gedurende die opstel van hierdie dokument.

Net so wil ons ook ons dank uitspreek aan al die NRO's, GGO's, maatskaplike bewegings, asook lede van die gemeenskap wat aan sekere van die gemeenskapsdialoë deelgeneem het, vir hul terugvoer.

**Geskep 2019.**

Opsomming van aanbevelings vir Suid-Afrika, gedoen deur die Verenigde Nasies se Komitee oor Ekonomiese, Maatskaplike en Kulturele Regte.

Befondsing vir hierdie projek is gefasiliteer deur die Stigting vir Menseregte, wat deur die Departement van Justisie en Korrektiewe Dienste en die Europese Unie befonds word ingevolge die sektorbegroting se ondersteuningsprogram "Toegang tot Geregtigheid en Bevordering van Grondwetlike Regte".

***Vrywaring: Enige sienings en menings in hierdie verslag is slegs dié van die outeurs en verteenwoordig nie noodwendig dié van die befondsers nie.***



# Inleiding

## *i. Wat is die Internasionale Verbond oor Ekonomiese, Maatskaplike en Kulturele Regte*

Die Internasionale Verbond oor Ekonomiese, Maatskaplike en Kulturele Regte (die Verbond) is 'n internasionale menseregteverdrag van die Verenigde Nasies (VN). Dit is op 10 Desember 1966 aanvaar en het op 3 Januarie 1976 van krag geword. Die Verbond beskerm 'n wye reeks ekonomiese, maatskaplike en kulturele regte (sosio-ekonomiese regte). Saam met die Internasionale Verbond oor Burgerlike en Politieke Regte (ICCPR), wat terselfdertyd aanvaar is, vorm die Verbond die hoeksteen van internasionale wetgewing oor menseregte. Dit is reeds deur 169 lande regoor die wêreld onderskryf en bekragtig. Alle Afrikalande, met die uitsondering van Botswana, Mosambiek en Suid-Soedan, het die Verbond bekragtig en is dus tot die handhawing daarvan verbind. Suid-Afrika het die Verbond op 12 Januarie 2015 bekragtig.

'n Vrywillige Protokol tot die Verbond (Opsionele Protokol) is op 10 Desember 2008 deur die VN aanvaar. Dit het op 5 Mei 2013 van krag geword. Vier-en-twintig lande, waaronder vier Afrikalande, het die Opsionele Protokol bekragtig. Die Opsionele Protokol stel mense in staat om klagtes internasionaal aanhangig te maak wanneer hulle nie in hul eie lande toegang tot geregtigheid in howe rakende oortredings van sosio-ekonomiese regte kan kry nie. Hul eie land moet egter eers die Opsionele Protokol bekragtig. Suid-Afrika het nog nie die Opsionele Protokol bekragtig nie.

Die Verbond besef en erken dat baie mense nie die mees basiese regte geniet nie en is gerig op die groot aantal mense wat in armoede lewe, honger ly, en nie voldoende huisvesting en toegang tot onderwys en opleiding het nie.

**Die regte in die Verbond sluit in:**

- Die reg op werk en dat elkeen sy/haar brood moet kan verdien deur 'n vryelik gekose werk (Artikel 6);
- Die reg op regverdige en gunstige werksomstandighede (Artikel 7);
- Die reg op die vorming van vakbonde en aansluiting by 'n vakbond van jou eie keuse (Artikel 8);
- Die reg op maatskaplike sekuriteit, insluitende maatskaplike versekering (Artikel 9);
- Die reg op familiebeskerming (Artikel 10);
- Die reg op 'n behoorlike lewenstandaard, insluitende voldoende voedsel, klerasie en behuising, asook die voortdurende verbetering van lewensomstandighede (Artikel 11);
- Die reg op die hoogste standaard van fisieke en geestesgesondheid (Artikel 12);
- Die reg op onderwys, insluitende verpligte primêre onderwys, (Artikel 13); en
- Die reg om deel te neem aan kulturele bedrywighede, te deel in die voordele van wetenskaplike vooruitgang en die toepassing daarvan, en voordeel te trek uit die beskerming van die morele en materiële belange wat spruit uit die produksie van enige wetenskaplike, literêre of artistieke werk (Artikel 15).



## *ii. Wat is die Komitee oor Ekonomiese, Maatskaplike en Kulturele Regte?*

Die Komitee is die liggaam van onafhanklike deskundiges wat die implementering van die Verbond deur lande nagaan. Alle lande is verplig om gereelde verslae by die Komitee in te dien oor hoe die regte in hul land gestalte kry. Lande moet aanvanklik binne twee jaar nadat die Verbond aanvaar is 'n verslag indien, en daarna elke vyf jaar. Die Komitee gaan elke verslag na en behandel die kommer uitgespreek oor en aanbevelings gedoen aan die land in die vorm van "Samevattende Waarnemings".

## *iii. Die Verbond se verslaggewingsproses*

Suid-Afrika het sy aanvanklike verslag aan die Komitee op 25 April 2017 ingedien. In Oktober 2018 het die Komitee Suid-Afrika weer onder oë geneem om te sien hoe goed die regering van Suid-Afrika sy pligte ingevolge die Verbond nakom. Die Komitee het 'n reeks Samevattende Waarnemings gemaak waarin uiteengesit word hoe Suid-Afrika sy handhawing van sosio-ekonomiese regte kan verbeter. Van die Suid-Afrikaanse regering word ingevolge sy Verbondsverpligtinge vereis om teen Oktober 2020 oor sy vordering met die implementering van gespesifiseerde aanbevelings verslag te doen. Nog 'n volledige verslag moet die Komitee teen 31 Oktober 2023 bereik.

Die uitreiking van Samevattende Waarnemings is die enkele belangrikste aksie van liggame wat menseregteverdrae administreer. Dit verskaf 'n geleentheid aan die VN om 'n oorsig te gee van die stand en status van menseregte in 'n land, asook advies oor gebiede waar verbeteringe nodig is. Hierdie dokument is 'n opsomming van die Samevattende Waarnemings gerig aan Suid-Afrika.

## 1. Volledige implementering van die Verbond in wetgewing en beleid

Die Komitee het erkenning gegee dat die Suid-Afrikaanse Grondwet veral progressief is betreffende sosio-ekonomiese regte en dat die Grondwet se impak verder versterk is deur die Konstitusionele Hof se interpretasie van sy bepalings. Die Komitee het nietemin daarop gewys dat die Grondwet nie al die regte in die Verbond insluit nie, soos byvoorbeeld die reg om te werk en die reg op 'n toereikende lewenstandaard. Die Komitee het aanbeveel dat die regering seker moet maak dat alle regte in die Verbond in die Suid-Afrikaanse Grondwet vervat is. Nog 'n belangrike aanbeveling was dat die regering die reg tot gratis primêre onderwys (artikels 13(2)(a) en 14 van die Verbond)[1] moet aanvaar, en ook moet toelaat dat die Verbond in plaaslike howe gebruik kan word.

## 2. Onvoldoende befondsing van die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie

Die Komitee het aanbeveel dat die regering genoeg geld aan die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie toeken sodat dit sy werk doeltreffend kan doen.

## 3. Data-insameling rakende sosio-ekonomiese regte

Die Komitee het aanbeveel dat Suid-Afrika sy data-insamelingstelsel verbeter om die insameling van omvattende en betroubare data te bewerkstellig. Sodanige data moet volgens ras, geslag en provinsie gerangskik word sodat maklik geassesseer kan word in hoe 'n mate die regte gedek in die Verbond bestaan en geniet word, veral deur benadeelde individue en groepe.

---

[1] Suid-Afrika se bekragtiging van die Verbond is onderhewig aan die volgende deklarasie: "[d]ie Regering van die Republiek van Suid-Afrika sal progressiewe uitvoering gee aan die reg op onderwys, soos bepaal in Artikel 13(2)(a) en Artikel 14, binne die raamwerk van sy Nasionale Onderwysbeleid en beskikbare hulpbronne."

## 4. Beskerming van diegene wat menseregte verdedig

Die Komitee het erkenning gegee aan die bedreigings waardeur die verdedigers van menseregte in die gesig gestaar word, veral diegene wat die Verbondsregte in die mynbou- en omgewingsektore probeer bevorder en verdedig. In hierdie verband het die Komitee aanbeveel dat die regering 'n veilige werksomgewing vir menseregteverdedigers verseker om sosio-ekonomiese regte te bevorder en te beskerm. Dit behels:

i. Om seker te maak dat alle aangemelde gevalle van intimidasie en teistering van en geweld teen verdedigers van menseregte spoedig en deeglik ondersoek word en die oortreders aan die pen ry.

ii. Om seker te maak dat wetstoepassingspersoneel behoorlik en toepaslik opgelei is om oormatige gebruik van geweld teen betogers en beswaarmakers te voorkom; en

iii. Die hersiening van die wet oor die regulering van betogings sodat voorkom kan word dat dit misbruik word om vreedsame betogings te onderdruk.

## 5. Die bevordering en beskerming van die regte van inheemse volke

Die aanvaarding van die Wetsontwerp op Tradisionele en Khoi-San-leierskap is geloof as 'n stap in die regte rigting om te verseker dat die regte beskerm in die Verbond ook ten volle vir die inheemse volke van Suid-Afrika geld.

Die Komitee het by die regering aanbeveel:

i. Om die Internasionale Arbeidsorganisasie se Konvensie oor Inheemse Volke en Stamme, Nr. 169 van 1989, te bekragtig;

ii. Om seker te maak inheemse volke geniet die regte wat ingevolge die Verbond beskerm word; en

iii. Om volledig met inheemse volke te konsulteer oor en hulle die geleentheid te gee om deel te neem aan die implementering van die Wetsontwerp op Tradisionele en Khoi-San-leierskap.

## 6. Die regering moet ongelykheid aanpak

Die "onaanvaarbare hoë vlakke van ekonomiese en maatskaplike ongelykheid" is uitgelig. Na die Komitee se mening is dit 'n aanduiding dat die model van ekonomiese ontwikkeling wat die regering volg, nie voldoende inklusief is nie. Die Komitee het kennis geneem dat:

i. Beduidende ongelykhede in die land bestaan, beide tussen provinsies en tussen landelike en stedelike munisipaliteite;

ii. Die land se finansiële beleid en belastingwette hom nie in staat stel om voldoende hulpbronne beskikbaar te hê om sodanige ongelykhede te verminder nie;

iii. Geen menseregte-impakassessering gedoen is, veral op huishoudings met 'n lae inkomste, voordat die belasting op toegevoegde waarde (BTW) verhoog is nie; en

iv. Die voorkoms van die onwettige vloei van geld en belastingontduiking 'n ernstige impak het op die vermoë om voldoende finansiële hulpbronne te bekom vir die implementering van sy verpligtinge rakende sosio-ekonomiese regte.



Die Komitee het 'n reeks aanbevelings gedoen, waarvan die belangrikste is dat die regering die volgende moet doen:

i. Sy belasting- en bestedingsbeleid hersien sodat voldoende inkomste verkry word om sy pligte uit te voer;

ii. Streeksongelykhede rakende regte ingevolge die Verbond verminder;

iii. Die impak van die verhoging van BTW assesseer, veral op huishoudings in die lae-inkomstegroepe, en die doen van regstellende stappe indien nodig;

iv. Pogings versterk om die onwettige vloei van geld en belastingontduiking stop te sit; en

v. Sy groeimodel herondersoek sodat 'n meer inklusiewe ontwikkelingspad betree kan word.

## 7. Die implementering van besparingsmaatreëls

Die Komitee was bekommerd dat die regering besparingsmaatreëls ingestel het wat beduidende begrotingsbesnoeiings in die gesondheid-, opvoeding- en ander openbare dienstesektore tot gevolg gehad het. Dit kan volgens die Komitee ongelykhede rakende die geniet van regte ingevolge die Verbond vergroot.

Volgens die Komitee moet besparingsmaatreëls waar dit onvermydelik is, tydelik ingestel word net vir die tydperk wat die krisis bestaan. Dit moet ook net noodsaaklike en proporsioneel gebalanseerde ingrype wees wat nie ongelykhede vergroot nie.

Die Komitee het aanbeveel dat die regering die befondsingsvlak verhoog in die sektore vir maatskaplike sekuriteit, gesondheid en onderwys.

## 8. Persone met albinisme

Die netelige posisie van persone met albinisme het die Komitee veral bekommer. Dit moet gesien word in die lig van getuienis dat persone met albinisme steeds aanvalle en diskriminasie verduur wat betref hul regte ingevolge die Verbond, insluitende die reg om te werk en die reg op onderwys. Die Komitee het aanbeveel dat die regering meer moet doen om diskriminasie en geweld teen persone met albinisme uit te skakel, deur:

i. Die versterking van die regsraamwerk;

ii. Die verhoging van openbare bewustheid en skakeling met tradisionele leiers en genesers op 'n gekoördineerde en samehangende manier; en

iii. Die fasilitering van toegang vir persone met albinisme tot werksgeleenthede en onderwys deur die verskaffing van die nodige ondersteuning en hulp aan hulle.

## 9. Toegang tot maatskaplike dienste aan asielsoekers

Die Komitee het in ag geneem dat die land 'n groot aantal vlugtelinge en asielsoekers huisves, wat gedwing is om uit hul eie lande te vlug. Die Komitee het kennis geneem van betekenisvolle vordering met die verwerking van aansoeke om asiel, maar is steeds bekommerd oor die groot agterstand van asielaansoeke wat in die appèlproses vashaak en die voorstel om asielverwerkingsentrums in grensgebiede te vestig. Die implementering van so 'n plan kan die toegang van asielsoekers tot regshulp, gesondheidsorg, onderwys en maatskaplike hulptoelaes beperk.

Die Komitee het aanbeveel dat die regering die volgende doen:

i. Die agterstand met betrekking tot asielaansoeke wat in die appèlproses vashaak, vinnig wegwerk;

ii. Seker maak dat asielsoekers doeltreffende toegang tot regshulp, basiese gesondheidsorg en onderwys gewaarborg word en ondersteuning geniet wanneer hulle om maatskaplike hulptoelaes aansoek doen; en

iii. Seker maak dat asielsoekers hulself kan onderhou en die reg op werk geniet.

## 10. Die afbring van hoë werkloosheidsvlakke

Werkloosheid is op aansienlike vlakke in die land. Wat die algemene bevolking betref, staan die syfer op 27,5 persent en onder jongmense is dit 39 persent. Die Komitee het kennis geneem van 'n reeks programme wat bestaan om werksoekers te help om werk te kry, maar het tog sy kommer uitgespreek oor die hoë werkloosheidsvlakke, insluitende die gebrekkige implementering van die indiensnemingskwota van 2 persent vir gestremde persone in die private sektor.

Die Komitee het aanbeveel dat die regering:

i. Alles moontlik doen om die hoë werkloosheidskoers te verlaag, insluitend deur beide geleenthede vir beroepsopleiding en die onderwys-leerplanne te verbeter, sowel as deur die opstel van programme, veral vir jongmense, om in die huidige arbeidsmarkbehoeftes te voorsien en aansporings aan werkgewers te verskaf om jongmense in diens te neem; en

ii. Die indiensnemingskwota van 2 persent vir persone met 'n gestremdheid doeltreffend implementeer, veral in die private sektor, en seker maak dat omgesien word na sulke werkers se werksplekbehoeftes.

### 10. 1 Onseker indiensneming in die formele en informele ekonomiese sektore

'n Besonder kommerwekkende kwessie vir die Komitee is die groot aantal werkers in die informele ekonomie sonder arbeidsregte en voldoende maatskaplike beskerming. Daar is tans geen regsraamwerk wat die informele ekonomie reguleer nie. Sulke werkers word dus blootgestel aan die risiko van misbruik en mishandeling deur werkgewers en wetstoepassingsowerhede. 'n Ander kommerwekkende kwessie waarna die Komitee verwys het, is beskryf as "die toenemende 'deeltydsifisering' (casualisation) van indiensneming in die formele ekonomie". In die lig van sulke bekommernisse het die Komitee by die regering aanbeveel om:

i. Wette in te bring om die informele ekonomie te reguleer met die oog op die beskerming van werkers teen misbruik, insluitende deur wetstoepassingsbeamptes;

ii. Die dekking van die wetgewing rakende arbeid- en maatskaplike sekuriteit na hierdie werkers uit te brei;

iii. Die oorgang van werkers van die informele sektor na die formele sektor te fasiliteer; en

iv. Die "deeltydsifisering" van werk in die formele ekonomie te voorkom en die uitwerking daarvan te versag.

## 11. Beskerming van die regte van sekswerkers

Die Komitee was bekommerd dat sekswerkers, waarvan die meeste vroue is, nie die regte gedek deur die Verbond geniet nie. Dit geld veral die reg op gesondheid en vakbondregte. Die Komitee het ook sy kommer uitgespreek dat sekswerkers gereeld geteister, op arbitrêre wyse gearresteer en aangehou word, asook gedwing word tot gratis seks en betaling van omkoopgeld aan die polisie weens die kriminalisering van seks teen betaling. Hierdie kriminalisering van sekswerk maak dit moeilik om fisieke en seksuele geweld teen sekswerkers aan te meld.

Die Komitee het aanbeveel dat die regering:

i. Onmiddellik 'n moratorium op die arrestasie van sekswerkers plaas totdat die regstatus van sekswerk bepaal is;

ii. Die dekriminalisering van die verkoop van seks oorweeg;

iii. Sekswerkers teen teistering deur die polisie beskerm, sowel as teen seksuele en fisieke geweld en uitbuiting deur sekswerk-agente, instelling-eienaars en andere;

iv. Ondersteuning en bystand aan slagoffers van teistering, geweld en uitbuiting verskaf; en

v. Maatreëls tref om die vraag na prostitusie te bekamp en aan sekswerkers alternatiewe bestaansgeleenthede te bied.

## 12. Arbeidsregte van huis- en plaaswerkers

Die Komitee erken dat die Wet op Basiese Diensvoorwaardes en Sektorale Bepaling 7 'n mate van arbeid- en maatskaplike beskerming vir huis- en plaaswerkers bied. Die Komitee is egter bekommerd dat:

i. Huis- en plaaswerkers dikwels onder uitbuitende toestande werk;

ii. Huiswerkers nie ingevolge die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en Siektes gedek word teen beserings en siektes by die werk opgedoen nie;

iii. Hoewel die akkommodasie wat verskaf word 'n kerngedeelte van die loonstruktuur is, die standaard van akkommodasie nie gereguleer word nie; en

iv. Die wet nóg vir onaangekondigde arbeidsinspeksies, nóg vir doeltreffende meganismes waardeur huiswerkers formele klagtes oor hul werksomstandighede kan lê, voorsiening maak.

’n Reeks aanbevelings is deur die Komitee gedoen, insluitende:

i. Die regering moet meer doen om huis- en plaaswerkers teen uitbuiting te beskerm en beter arbeid- en maatskaplike beskerming vir hulle te bied;

ii. Die wet moet versterk word om huiswerkers teen werksbeserings en sterftes te dek, en om regsleiding te gee oor die vereiste akkommodasiestandaard;

iii. Gereelde onaangekondigde inspeksies van werksomstandighede in huise moet gedoen word;

iv. Daar moet seker gemaak word dat huis- en plaaswerkers toegang het tot doeltreffende klagindieningsmeganismes; en

v. Openbare bewustheid van die regte van huiswerkers moet verhoog word.

## 13. Werk- en lewensomstandighede in die mynbedryf

’n Gebied wat veral in die soeklig gekom het, is die werksomstandighede van mynwerkers en die gebrek aan arbeidsinspeksies in die mynbousektor, wat bygedra het tot ’n hoë voorkoms van werksverwante beserings en siektes. Dat die meeste mynwerkers rondom myne in informele nedersettings sonder water, sanitasiegeriewe of elektrisiteit bly, en dat maatskaplike en arbeidsplanne dikwels nie deur werkgewers uitgevoer word nie, wek ook aansienlike kommer. Vroulike mynwerkers word dikwels onderwerp aan diskriminasie en blootgestel aan seksuele geweld.

Die Komitee het by die regering aanbeveel om werk- en lewensomstandighede van mynwerkers te verbeter deur:

i. Seker te maak dat die Wet op Gesondheid en Veiligheid in Myne, asook die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid streng toegepas word in die mynbousektor;

ii. Arbeidsinspeksies in die mynbousektor te verbeter;

iii. Seker te maak dat beseerde mynwerkers en mynwerkers met werksverwante siektes toegang het tot doeltreffende sorg en in staat is om regstappe teen hul werkgewers te doen;

iv. Gereelde risiko-assesserings uit te voer van bedreigings vir die veiligheid en gesondheid van mynwerkers, veral in die geval van tydelike of kontrakwerkers;

v. Die veiligheid en waardigheid van vroulike mynwerkers te bevorder, geslagsongelykheid en geweld te bestry, en die manlik oorheersde werkskultuur in die sektor uit te roei;

vi. Die lewensomstandighede in mynwerkergemeenskappe te verbeter, en seker te maak mynwerkers het toegang tot geskikte behuising, water, elektrisiteit, sanitasie, gesondheidsorg, onderwys en ander maatskaplike dienste; en

vii. Maatskaplike en arbeidsplanverwante verpligtinge streng af te dwing en boetes vir werkgewers op te lê in gevalle van nienakoming, insluitende dat hul lisensies herroep kan word.



## 14. Minimumlone moet 'n toereikende lewenstandaard verseker

Wat die minimumloon betref, het die Komitee sy kommer uitgespreek dat:

i. Die huidige minimumloon per uur (20 rand) nie 'n toereikende lewenstandaard vir werkers en hul gesinne verseker nie;

ii. Die minimumlone vir huis- en plaaswerkers op 'n selfs laer vlak vasgestel is as dié wat vir die tussentydse tydperk gegeld het; en

iii. 'n Groot aantal werkers nie deur die wetsontwerp op minimumlone gedek word nie.

Die Komitee se belangrikste aanbevelings aan die regering was:

i. Om dieselfde minimumloon regoor alle sektore toe te pas, insluitende die huishoudelike, plaas- en kleinhandelsektor; en

ii. Om die nasionale minimumloon te verhoog en gereeld ooreenkomstig lewenskoste aan te pas sodat werkers en hul gesinne 'n toereikende lewenstandaard kan handhaaf.

## 15. Die uitwissing van die loongaping tussen geslagte en die nastreef van gelyke betaling vir werk van gelyke waarde

Die loongaping tussen geslagte, tans op 27 persent, sowel as die hoë persentasie vroue in onseker werksposisies, raak vroue se regte ingevolge die Verbond regdeur hul lewens. Besonder kommerwekkend is dat arbeidswette en kollektiewe ooreenkomste nie die beginsel van gelyke betaling vir werk van gelyke waarde inkorporeer nie.

Die Komitee het aanbeveel dat die regering meer moet doen om die gaping tussen die vergoeding van mans en vroue uit te wis. Die regering moet voorts seker maak dat die beginsel van gelyke vergoeding vir werk van gelyke waarde in die arbeidswette en kollektiewe ooreenkomste opgeneem en doeltreffend geïmplementeer word.

## 16. Voldoende befondsing vir arbeidsinspeksies

Die Komitee het aanbeveel dat die Regering die vlak van befondsing wat aan die Direktoraat van Inspeksie en Toepassingsdienste toegeken word, verhoog sodat daar 'n kader van voldoende betaalde arbeidsinspekteurs is om die hoë omsetkoers van inspekteurs af te bring. Die Komitee het ook 'n beroep op die regering gedoen om seker te maak dat nakomingsbevele van arbeidsinspekteurs geïmplementeer word.




NIKE



## 17. Beskerming van vakbondregte

Veral kommerwekkend vir die Komitee is dat huis- en plaaswerkers en werkers in onseker werksituasies dikwels uitgesluit is van die kollektiewe bedingingproses. In die lig van bogenoemde bekommernis, het die Komitee by die regering aanbeveel om seker te maak dat:

i. Alle werkers, insluitende diegene wat onseker is oor voortgesette indiensneming, doeltreffend kan deelneem aan die besluitnemingsproses rondom hul werksomstandighede soos bepaal word in die Grondwet en arbeidswette; en

ii. Die wysigings aan die Wet op Arbeidsbetrekkinge moet voorsiening maak vir beter beskerming van arbeidsregte, insluitende die reg om te staak.

## 18. Maatskaplike sekuriteit

Hoewel erken word dat die maatskaplike toelaes 'n belangrike rol speel om armoede in die land te verlig, bly die Komitee bekommerd dat die armoede-verhouding in die land onaanvaarbaar hoog is. Die Komitee het die volgende belangrike punte uitgelig:

i. Die vlakke van die staat se maatskaplike hulpvoordele is te laag om 'n toereikende lewenstandaard vir ontvangers en hul gesinne te verseker;

ii. Diegene met geen of 'n klein inkomste tussen die ouderdom van 18 en 59 jaar en wat kan werk, word nie deur die bestaande skemas gedek nie;

iii. Die reikwydte van die Werkloosheidsversekeringswet se voordele bly klein en sluit werkers in die informele ekonomie, seisoenale werkers en diegene wat vir hulself werk uit;
en

iv. Data en bankrekeninge van ontvangers van maatskaplike toelaes is al misbruik en 'n groot aantal ongemagtigde aftrekkings uit maatskaplike voordele is al aangeteken.

Die Komitee het 'n reeks aanbevelings gedoen, insluitende die vereiste dat die regering:

i. Die vlak van maatskaplike staatshulpvoordele verhoog tot waar 'n bevredigende lewenstandaard vir ontvangers en hul gesinne verseker sal word;

ii. Seker maak dat diegene tussen die ouderdomme van 18 en 59 jaar met geen of 'n klein inkomste toegang tot maatskaplike hulp het;

iii. Die reikwydte van die Werkloosheidsversekeringsfonds se voordele na alle werkers, ongeag hul status, uitbrei;

iv. Die moontlikheid van die instelling van 'n universele basiese inkomstetoelaag oorweeg; en

v. Die situasie wat deur die uitkontraktering van die betaalstelsel vir maatskaplike toelaes veroorsaak is, regstel en seker maak dat alle betalings gedurende die oorgangstydperk stiptelik gedoen word.



## 19. Verbeteringe nodig rakende geboorteregistrasie

Tien persent van kinders in Suid-Afrika is steeds ongeregistreerd en geboorteregistrasies word aan bande gelê deur ekstra vereistes soos ouerskapstoetse, veral in die geval van diegene met een of meer buitelandse ouer(s) en diegene met 'n pa as enkelouer. Die Komitee was ook bekommerd dat artikel 4(3) van die Wysigingswet op Burgerskap beperkend vertolk word om net kinders te bevoordeel wat ná 1 Januarie 2013 gebore is. Baie persone wat voor daardie datum gebore is, word dus aan die risiko van staatloosheid blootgestel.

Die Komitee het by die regering aanbeveel dat:

i. Die registrasie van geboortes vergemaklik moet word deur groter vaartbelynheid by die registrasieprosedure en hulp aan ouers om vereistes te kan nakom, byvoorbeeld deur die betaling van die koste van ouerskapstoetse waar sulke toetse wel ouerskap bevestig het; en

ii. Die burgerskapwetgewing sodanig toegepas moet word dat kinders van buitelandse burgers nie blootgestel word aan die risiko van staatloosheid nie.

## 20. Ouderdom vir huwelik en wettiging van Moslem-huwelike

Die Komitee het kommer uitgespreek oor die diskrepansie tussen meisies en seuns wat betref die minimum ouderdom waarop huwelike toegelaat word, sowel as die gebrekkige erkenning van die reg van Moslem-huwelike. Laasgenoemde het negatiewe gevolge vir vroue wie se Moslem-huwelike nie amptelik geregistreer is nie.

In hierdie verband het die Komitee aanbeveel dat die regering al sy relevante wetgewing harmoniseer om seker te maak die minimum ouderdom waarop seuns en meisies in die huwelik kan tree, word in ooreenstemming met internasionale standaarde gebring. Die Komitee het ook aanbeveel dat die regering die erkenning van Moslem-huwelike fasiliteer, terwyl toepaslike voorsorgmaatreëls getref word om vroueregte te beskerm.

## 21. Skadelike praktyke: maagdelikheidstoetse en ukuthwala

Hoewel erken word dat artikel 31 van die Grondwet die regte van kulturele, godsdienstige en taalgemeenskappe beskerm, het die Komitee kommer uitgespreek oor die uitwerking op kinders van praktyke soos maagdelikheidstoetse en ukuthwala, wat indien die toestemming van die betrokke meisie daarvoor nie verkry is nie, as 'n vorm van mensehandel beskou word.

Die Komitee het by die regering aanbeveel om skadelike praktyke te bestry, soos ukuthwala en maagdelikheidstoetse. Dit sluit die verhoging van bewustheid van die negatiewe uitwerking van sulke praktyke op meisies en vroue regdeur hul lewens in, en om seker te maak sulke praktyke word heeltemal verbied.



## 22. Wanvoeding onder kinders en die reg op voldoende voedsel

Die Komitee het die gebrek aan wetgewing uitgelig om die reg op voedsel te bevestig, sowel as die hoë voorkoms van voedsel-onsekerheid en wanvoeding in die land, veral onder kinders. Die Komitee het sy kommer uitgespreek dat die kindersorgtoelae (400 rand per maand) onder die armoede-broodlyn is en dat 'n geskatte 18 persent van kinders wat daarvoor kwalifiseer, weens gebrekkige dokumentasie nie voordeel uit die toelae trek nie. In die lig van bogenoemde het die Komitee aanbeveel dat die regering:

i. Die kindersorgtoelae tot ten minste die vlak van die armoede-broodlyn verhoog;

ii. Seker maak dat alle kinders wat daarvoor kwalifiseer voordeel uit die toelae trek;

iii. Die vlak van die kindersorgtoelae vir wees- en weggooikinders wat by familielede bly, verhoog; en

iv. Wetgewing aanvaar wat die reg op voldoende voedsel en voeding beskerm, en 'n nasionale voedsel- en voedingsekerheidstrategie opstel.

## 23. Reg op toegang tot toereikende behuising

Die Komitee het pogings deur die regering verwelkom om maatskaplike behuising aan lae-inkomstefamilies te verskaf. Die Komitee bly egter bekommerd oor:

i. Die groot aantal mense wat in ontoereikende strukture woon, insluitende diegene in informele nedersettings, sonder toegang tot basiese dienste;

ii. Die groeiende aantal informele nedersettings in stedelike gebiede as gevolg van snelle verstedeliking, en die afname in die aantal maatskaplike huiseenhede wat deur die regering verskaf word;

iii. Berigte van onwettige uitsettings en die oormatige gebruik van geweld tydens uitsettings, sowel as uitsettings wat plaasvind sonder dat munisipaliteite geskikte alternatiewe akkommodasie beskikbaar stel; en

iv. Swak behuising en lewensomstandighede van plaasbewoners.

Die Komitee het by die regering aanbeveel om:

i. Behuising te verbeter en in die stygende vraag daarna te voorsien, insluitende deur voortgesette verskaffing van voldoende maatskaplik noodsaaklike behuising in stedelike gebiede en die opgradering van behuisingstoestande in informele nedersettings;

ii. Seker te maak dat uitsettings slegs as laaste uitweg gebruik word, dit sonder die gebruik van geweld geskied en dit aan internasionale standaarde voldoen; en

iii. Die behuising en lewensomstandighede van plaasbewoners tot die vlak van volle nakoming van die Verbond en ander internasionale menseregtestandaarde te verbeter, veral wat betref die vereiste dat geskikte alternatiewe akkommodasie vir uitgesette besetters beskikbaar moet wees.

## 24. Stadige pas van grondhervorming en billike toegang tot grond

Die stadige pas van grondhervorming in die land was van besondere belang vir die Komitee, wat daarop gewys het dat die regering nie sy eie hervestigingsdoelwitte kon haal nie. Die Komitee het ook kommer uitgespreek oor die gebrekkige ondersteuning en opleiding vir begunstigdes van grondherverdeling ná skikkingsooreenkomste. Die Komitee was ook besorg dat vroue slegs 13 persent van die landbougrond besit en dat steeds ten opsigte van toegang tot grond teen hulle gediskrimineer word op grond van tradisionele erflatingspraktyke.

Die Komitee het aanbeveel dat die regering die implementering van beleid oor grondherverdeling en -restitusie versnel en genoegsame ondersteuning aan die begunstigdes daarvan gee om die grond produktief aan te wend en hul lewensomstandighede te verbeter. Die Komitee het voorts by die regering aanbeveel dat seker gemaak word vroue het gelyke toegang tot grond en grondeienaarskap.



## 25. Toegang tot toereikende gesondheidsorg

Hoewel kennis geneem is dat Suid-Afrika universele gesondheidsorgdekking nastreef met die aanvaarding van die Wetsontwerp op Nasionale Gesondheidsversekering, was die Komitee bekommerd oor die verskille tussen die openbare (staat) en die private gesondheidsorgstelsels. Die openbare stelsel is swakker daaraan toe wat betref die aantal mediese beroepslui, mediese toerusting en algemene mediese besteding. Dieselfde geld die agterstande van landelike gebiede teenoor stedelike gebiede wat betref registrasie by die Nasionale Gesondheidsversekeringsfonds en toegang tot gesondheidsorgdienste. Hoewel kennis geneem is van die vordering om antiretrovirale behandeling toeganklik vir MIV-pasiënte te maak, was die Komitee bekommerd dat 'n beduidende aantal pasiënte steeds nie toegang tot sulke behandeling het nie.

Die Komitee het aanbeveel dat die regering:

i. Die aanvaarding van die Wetsontwerp op Nasionale Gesondheidsversekering bespoedig;

ii. Die groot gaping tussen die staat en die private sektor se gesondheidsorgstelsels, sowel as tussen landelike en stedelike gebiede, verklein deur 'n voldoende aantal mediese beroepslui na die openbare sektor te lok en mediese toerusting te verbeter; en

iii. Seker maak dat alle mense wat lewensnoodsaaklike behandeling benodig, toegang tot bekostigbare medisyne het, veral antiretrovirale medisyne vir mense met MIV.

## 26. Toegang tot seksuele en reproduktiewe gesondheidsorg

Die Komitee het kommer uitgespreek oor die lae aantal gesondheidsorgsentrums wat aborsiedienste verskaf, asook die beperkte toeganklikheid van ander geriewe wat sulke dienste lewer, veral in landelike gebiede. Ook van besondere belang vir die Komitee is die hoë voorkoms van tienerswangerskappe, wat tot hoë uitvalsyfers onder skoolmeisies aanleiding gee.

In die lig van bogenoemde bekommernisse het die Komitee aanbeveel dat die regering seker maak dat:

i. Geriewe en dienste vir seksuele en reproduktiewe gesondheid, insluitende vir die uitvoer van aborsies, beskikbaar en toeganklik vir almal is, veral in landelike gebiede;

ii. Medici wat gewetensbesware ophaal, pasiënte na ander beroepslui binne hul eie fasiliteit, of by 'n nabygeleë fasiliteit verwys sodat hul gewetensbesware nie vroue se toegang tot aborsiedienste beperk nie;

iii. Die hoë voorkoms van tienerswangerskappe verminder word en toegang tot en beskikbaarheid van seksuele en reproduktiewe gesondheidsinligting en voorbehoedmiddels vir almal, insluitende tienermeisies en -seuns, veral in landelike gebiede, verseker word; en

iv. Die nodige ondersteuningsdienste vir swanger tienermeisies verskaf word, insluitende maatreëls wat hulle in staat stel om met onderwys voort te gaan.


ART

## 27. Stand van skoolinfrastruktuur en die uitwerking daarvan op die reg op onderwys

'n Ander kommerwekkende gebied vir die Komitee is die stand van die skoolinfrastruktuur. Kommerwekkende kwessies het ingesluit:

i. Die stand van infrastruktuur by staatskole, wat oor die algemeen swak is;
ii. 'n Aantal skole het beperkte of geen toegang tot water, sanitasiegeriewe of elektrisiteit nie; dit is die gevolg van begrotingsverminderings en, in sommige gevalle, die wanbestuur van fondse;
iii. Die hoë uitvalkoerse onder skoolkinders, hoofsaaklik weens 'n swak onderriggrondslag;
iv. Die praktyk om gelde te hef in die vorm van vrywillige bydraes by skole met geen skoolgelde nie, en die diskriminerende uitwerking van betalingsvrystellings by skole met 'n skoolgeldstelsel, veral op kinders uit enkelouerhuise;
v. Die gebrek aan leiding oor die rolle en verantwoordelikhede van rolspelers uit die private sektor in die onderwys; en
vi. Die lae deelname van kinders uit lae-inkomstefamilies aan vroeë onderrig, ondanks pogings in hierdie verband deur die regering.

Die Komitee het 'n reeks aanbevelings gedoen met die klem op die noodsaak dat die regering:

i. Skoolinfrastruktuur verbeter en seker maak dat alle skole toegang tot water, sanitasiegeriewe en elektrisiteit het. Hiervoor moet voldoende befondsing toegeken en die geld doeltreffend bestuur word;
ii. Die uitvalkoers by skole verlaag deur die bemeestering van reken- en taalgeletterdheid in die grondslagfase te verbeter;
iii. Seker maak dat skole sonder skoolgelde die praktyk stopsit om ouers geld te vra en vereistes vir kwytskelding van skoolgelde by skole waar dit gehef word, hersien word met die oog daarop dat nie teen benadeelde kinders gediskrimineer word nie;
iv. Die regulatoriese raamwerk om die rolle en verantwoordelikhede van rolspelers uit die private sektor te definieer, verbeter en die onderwys verskaf deur sulke rolspelers monitor; en
v. Vroeë onderwys van hoë gehalte vir alle kinders waarborg, veral vir diegene uit benadeelde families.



## 28. Toegang tot onderwys van gestremde, trekarbeider-, vlugteling- en asielsoeker-kinders

Besondere klem is ook geplaas op die lot van kinders met gestremdhede. Die Komitee was bekommerd dat 'n groot aantal kinders met gestremdhede nie 'n skool bywoon nie en sulke kinders, veral die uit lae-inkomstefamilies, geen voordeel kry uit skole wat geen skoolgelde hef nie. Die Komitee het verder sy kommer uitgespreek oor die betekenisvolle aantal ongedokumenteerde trekarbeider-, vlugteling- en asielsoeker-kinders wat nie formele onderwys ontvang nie.

In die lig van bogenoemde bekommernisse het die Komitee by die regering aanbeveel om:

i. Onmiddellik die "geen-skoolgeld-skoolprogram" in staatskole in te voer vir kinders met gestremdhede wat nie in die hoofstroomskole geakkommodeer kan word nie;

ii. Seker te maak dat inklusiewe onderwys 'n leidende beginsel in alle onderwysplanne en -programme is, insluitende by die voorsiening van redelike voorsiening vir kinders met gestremdhede; en

iii. Seker te maak alle trekarbeider-, vlugteling- en asielsoeker-kinders het toegang tot onderwys, ongeag hul immigrasiestatus.

## 29. Beskerming van inheemse tale

Die gebrek aan die beskerming van bedreigde tale en die gebrek aan die onderrig van inheemse tale en kennisbronne in die staatskoolstelsel was veral kommerwekkend vir die Komitee.

Die Komitee het by die regering aanbeveel dat:

i. Bedreigde tale beskerm word en seker gemaak word dat inheemse tale en kennis in die skoolstelsel geleer word; en

ii. Die mandaat van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad in hierdie verband versterk word.

## 30. Versekering van toegang tot en bekostigbaarheid van die internet

Die Komitee het sy kommer uitgespreek oor die beperkte toegang tot die internet, veral in landelike gebiede en in skole, sowel as die gebrek aan bekostigbaarheid van die internet vir die meeste benadeelde groepe. Die Komitee het by die regering aanbeveel dat relevante maatreëls aanvaar word om die toeganklikheid en bekostigbaarheid van die internet te verseker, veral in skole en landelike gebiede en vir die meeste benadeelde groepe.

## 31. Ander aanbevelings

Die Komitee het ook ’n aantal aanbevelings aan die regering voorgelê waarvan die kern die noodsaak is dat die regering:

i. Die Opsionele Protokol by die Internasionale Verbond oor Ekonomiese, Maatskaplike en Kulturele Regte bekragtig;

ii. Die Internasionale Konvensie vir die Beskerming van Alle Mense teen Gedwonge Verdwyning en die Internasionale Konvensie vir die Beskerming van die Regte van Alle Trekarbeiders en hul Familielede bekragtig;

iii. Seker maak dat die volle regte vervat in die Verbond soos wat dit deel vorm van die implementering van die 2030-Agenda vir Volhoubare Ontwikkeling op nasionale vlak geniet word, met behulp van internasionale bystand en samewerking wanneer benodig;

iv. Stappe doen om toepaslike aanwysers van die implementering van ekonomiese, maatskaplike en kulturele regte progressief te ontwikkel en toe te pas;

v. Hierdie Samevattende Waarnemings wyd publiseer; en

vi. Met die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie, nieregeringsorganisasies en ander lede van die burgerlike samelewing skakel as opvolg van die Samevattende Waarnemings en as deel van die proses van oorlegpleging op die nasionale vlak voor die indiening van sy volgende periodieke verslag.

# Gevolgtrekking

In ooreenstemming met die opvolgprosedure rakende die Samevattende Waarnemings wat deur die Komitee aanvaar is, word van Suid-Afrika vereis om teen Oktober 2020 inligting te verskaf oor die implementering van die aanbevelings rakende die voorbereiding van ’n saamgestelde indeks van lewenskoste en toegang tot maatskaplike hulp vir volwassenes tussen die ouderdom van 18 en 59 jaar, oor die voorgestelde verhoogde maatskaplike toelae vir wees- en weggooikinders, en oor toegang tot onderwys vir ongedokumenteerde trekarbeider-, vlugteling- of asielsoeker-kinders. Daarbenewens word van die Suid-Afrikaanse regering vereis om sy tweede periodieke verslag van maatreëls ingestel om sy verpligtinge ingevolge die Verbond te volvoer, teen 31 Oktober 2023 in te dien.

**The Dullah Omar Institute**

Nuwe Gebou vir Sosiale Wetenskappe
Universiteit van Wes-Kaapland
Robert Sobukweweg
Bellville, Kaapstad

Privaatsak X17, Bellville 7535

**Telefoon:** +27 21 959 2950/2951
**Faks:** +27 21 959 2411

**e-pos:** serp@uwc.ac.za

www.dullahomarinstitute.org.za

**Black Sash National Office**

Elta House
Caledonianweg 3
Mowbray, Kaapstad

Posbus 1282, Kaapstad 8000

**Phone:** +27 21 686 6952
**Fax:** 27 21 686 6971

**e-mail**: info@blacksash.org.za

www.blacksash.org.za

**Studies in Poverty and Inequality Institute (SPII)**

Old Trafford 3-gebou
Isle of Houghton
Boundaryweg 36
Parktown, Johannesburg

Posbus 31747, Braamfontein 2017

**Telefoon:** +27 11 833 0161/2
**Faks:** +27 11 832 3085

**e-pos:** advocacy@spii.org.za

www.spii.org.za

**Socio-Economic Rights Institute of South Africa (SERI)**

6de Vloer Aspern House
De Kortestraat 54
Braamfontein, Johannesburg

**Telefoon:** +27 11 356 5860
**Faks:** +27 11 339 5950

**e-pos:** sanele@seri-sa.org

www.seri-sa.org

**People's Health Movement**

Rochesterstraat 129
Observatory, Kaapstad

**Telefoon:** +27 21 447 5770

**e-pos:** secretariat@phm-sa.org

www.phm-sa.org

